AGTERGROND
Die Porterville Christusfees is 'n gemeenskapsfees met 'n verskil. 'n Fees om te wys dis lekker om 'n Christen te wees en lekker om dinge saam te doen. Ons gaan vir 'n hele naweek lank na goeie musiek uit die boonste rakke luister, saam kuier tussen dosyne kos- en ander stalletjies, gesels en sommer net die lewe op 'n sober en verantwoordelike manier geniet.

DATUM EN TERREIN
Die eerste fees was aangebied in 2005. Die datums is Vrydag 9 Maart tot Sondag 11 Maart 2012 op die gronde van die Hoërskool Porterville. (Sien Kaarte) vir roetes, dorpskaart en feesuitleg kaart.

ORGANISEERDERS
Die fees word aangebied onder die beskerming van die NG Kerk Porterville terwyl die organiseerders verskillende groepe binne die plaaslike gemeenskap verteenwoordig.

ALGEMENE NAVRAE
Willie Opperman
Sel: 083 650 1640
Faks: 022 931 3825 of 086 606 6528
Epos: navrae@christusfees.co.za

OMVANG VAN FEES
Die fees bied drie dae van topgehalte musiek (sien Program en Kunstenaars), talle kos- en droë stalletjies (sien Stalletjies), 'n karavaankamp op die terrein asook talle ander gerieflike gastehuise. En die bonus: Alles word aangebied in die wonderlike plattelandse rustigheid van Porterville, slegs 150 km noord van Kaapstad se middestad.

ONTBYT
'n Ontbyt word in samewerking met 'n gaskunstenaar Saterdagoggend aangebied. Vir meer inligting kontak Anita Odendaal (022 931 2675).